NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN PORTEFEULJEKOMITEES VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP DONDERDAG, 8 AUGUSTUS 2013 OM 14:00

- ADMINISTRASIE EN FINANSIES -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl M van Zyl [Admininstrasie]

Abrahams, M Z
Cleophas, J H
Cox-Bruintjies, Y S
Geel, B W
Humphreys, F S
Goliath, M S I
Rangasamy, M
Sedeman, A C
Stemele, O M

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Komiteebeampte, me S A Kulsen

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Rdl B W Geel open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter, rdl M van Zyl.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdh N J A Rust en rdle C M Cloete en C H H Hunsinger.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (ADMINISTRASIE EN FINANSIES) GEHOU 5 JUNIE 2013

BESLUIT
(op voorstel van rdl B W Geel, gesekondeer deur rdl M Z Abrahams)

Dat die notule van 'n Portefeuljekomiteevergadering (Administrasie en Finansies) gehou op 5 Junie 2013 as korrek bekragtig word.

3. AFVAARDIGINGS/VOORLEGGINGS/MEDEDELINGS

Geen

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1/...

5.1 KWARTAALVERSLAE: APRIL TOT JUNIE 2013 (INGESLUIT DIE MAANDVERSLAG VAN JUNIE)

5.1.1 MUNISIPALE BESTUURDER (7/1/2/2-7, 2/4/2)
5.1.2 KORPORATIEWE DIENSTE (7/1/2/2-1)
5.1.3 FINANSIËLE DIENSTE (7/1/2/2-2)

BESLUIT
(op voorstel van rdl O M Stemele, gesekondeer deur rdl A C Sedeman)

Dat kennis geneem word van die kwartaalverslag vir April tot Junie 2013 asook maandverslag van onderskeidelik die Munisipale Bestuurder, die Direktoraat Korporatiewe Dienste en die Direktoraat Finansiële Dienste vir Junie 2013.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

(GET) M VAN ZYL
VOORSITTER: ADMINISTRASIE

(GET) C H H HUNSINGER
VOORSITTER: FINANSIES

- SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl R F van der Westhuizen
Ondervoorsitter, rdl O M Stemele

Abrahams, M Z
Cleophas, J H
Fortuin, C
Goliath, M S I
Papers, C H
Rust, N J A
Stanley, B J
Van der Merwe, J I
Van Zyl, M
Wilskut, W
Zatu, N S

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Komiteebeampte, me S A Kulsen

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die vergadering neem om 14:20 ‘n aanvang.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN ‘N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (SIVIELE- EN ELEKTRIESE DIENSTE) GEHOU 5 JUNIE 2013

BESLUIT
(op voorstel van rdh M S I Goliath, gesekondeer deur rdl C H Papers)

Dat die notule van ‘n Portefeuljekomiteevergadering (Siviele- en Elektriese Dienste) gehou op 5 Junie 2013 as korrek bekragtig word.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS

Die Munisipale Bestuurder sal ‘n voorlegging doen rakende EPWP-projekte na afloop van vergadering.

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1 KWARTAALVERSLAE: APRIL TOT JUNIE 2013 (INGESLUIT DIE MAAND-VERSLAG, JUNIE 2013)

5.1.1 SIVIELE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-4)
5.1.2 ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-6)

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste behandel die kwartaalverslae asook die maandverslag en verwys spesifiek na vlakke van die damme asook die EPWP-projekte.

Mnr M J Swanepoel, plaasvervanger vir mnr R du Toit, Direkteur: Elektriese Ingeneursdienste behandel die kwartaalverslae en noem dat die hoë aanvraag vir elektrisiteit in Yzerfontein, as gevolg van die kragonderbreking, alreeds met ESKOM deur mnr du Toit opgeneem is.

5.1/...

BESLUIT
(op voorstel van rdl O M Stemele, gesekondeer deur rdl B J Stanley)

Dat kennis geneem word van die kwartaalverslae vir April tot Junie 2013, asook maandverslag van onderskeidelik die Direktoraat Siviele Ingenieursdienste en die Direktoraat Elektriese Ingenieursdienste vir Junie 2013.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

(GET) R F VAN DER WESTHUIZEN
VOORSITTER

- ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl M van Zyl [Beskermingsdienste]
Voorsitter, rdl W Wilskut [Ontwikkelingsdienste]
Ondervoorsitter, rdl A C Sedeman

Geel, B W
Goliath, M S I
Papers, C H
Philander, D B
Rangasamy, M
Sneewe, A M
Stanley, B J
Van der Merwe, J I
Van der Westhuizen, R F

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Komiteebeampte, me S A Kulsen

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die vergadering neem om 15:01 ‘n aanvang.

Verlof tot afwesigheid verleen aan Rdl C H H Hunsinger.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN ‘N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE) GEHOU 5 JUNIE 2013

BESLUIT
(op voorstel van rdl B W Geel, gesekondeer deur rdl A C Sedeman)

Dat die notule van ‘n Portefeuljekomiteevergadering (Ontwikkeling- en Beskermingsdienste) gehou op 5 Junie 2013 as korrek bekragtig word.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS

Geen

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1 DEPARTEMENTELE VERSLAE: KWARTAALVERSLAG VIR APRIL TOT JUNIE 2013 ASOOK MAANDVERSLAG, JUNIE 2013

5.1.1 BESKERMINGSDIENSTE (7/1/2/2-3)
5.1.2 MUNISIPALE POLISIEDIENSTE (7/1/2/2-3)
5.1.3 BRANDBESTRYDING (7/1/2/2-3)
5.1.4 ONTWIKKELINGSDIENSTE (7/1/2/2-1)

Die Direkteur: Beskermingsdienste noem dat vanaf 1 Julie 2013 die Swartland Munisipale Polisiediens as die Verkeers- en Wetstoepassingsafdeling bekend sal staan.

5.1/...

BESLUIT
(op voorstel van rdl R F van der Westhuizen, gesekondeer deur rdl C H Papers)

Dat kennis geneem word van die kwartaalverslag van onderskeidelik die Direktoraat Beskermingsdienste en die Direktoraat Ontwikkelingsdienste vir April tot Junie 2013 (ingesluit die maandverslag vir Junie 2013).

5.2 VERSLAG: AANSTELLING VAN WETSTOEPASSINGS RESERVISTE (7/1/2/2-3)

Swartland Munisipaliteit het die Munisipale Polisiediens geherstruktureer na 'n Verkeers- en Wetstoepassingsafdeling vanaf 1 Julie 2013. Die doel hiervan was om 'n struktuur te vorm wat deurgaans op die munisipale wette kan fokus in die Swartland-area.

BESLUIT
(op voorstel van rdl B W Geel, gesekondeer deur rdl C H Papers)

Dat kennis geneem word van die verslag rakende die aanstelling van Wetstoepassings Reserviste;

BESLUIT VERDER

Dat die die aangestelde reserviste aan die lede van die wykskomitees bekend gestel word.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

6.1 VOORGESTELDE ONDERVERDELING MET AFWYKING VAN ERF 894, RIEBEEK KASTEEL (15/3/4-11, 15/3/6-11)

Aansoek word gedoen deur Remhoogte Kasteel Trust vir die verdere onderverdeling van erf 894, Riebeek Kasteel ten einde twee gedeeltes te skep.

Aansoek word ook gedoen vir die afwyking van die 30m boulyne na slegs 5m op alle grense ten einde die voornemende kopers/eienaar instaat te stel om 'n woonhuis of stoor op die nuutgeskepte gedeelte te kan oprig.

AANBEVELING
(op voorstel van rdl B J Stanley, gesekondeer deur rdl C H Papers)

A Dat die aansoek vir die onderverdeling van erf 894, Riebeek Kasteel ingevolge artikel 25(1) van Ordonnansie 15 van 1985, afgekeur word weens die volgende redes:

(a) Die betrokke gedeelte van erf 894 is geleë buite die stedelike randgebied van Riebeek Kasteel en word die ontwikkeling daarvan gevolglik nie as versoenbaar met die bestaande ruimtelike beplanning van Riebeek Kasteel geag nie;

(b) Die voorgestelde uitbreiding van die stedelike karakter op vrugbare "hoë potensiaal" landbougrond word nie as wenslik geag nie;

(c) Gegewe die grootte van die nuutgeskepte gedeeltes sal die voorgestelde onderverdeling sonder twyfel die gebruik van die grond beïnvloed;

(d) Die feit dat die gedeelte grond deel gevorm het van die ou Riebeek Kasteel dorpsgebied en dus vrygestel is van Wet 70 van 1970, verander nie die feit dat die grond geag word as hoë-potensiaal landbougrond nie en so ook nie dat dit buite die stedelike randgebied kan ontwikkel nie;

6.1B/…

B Dat die aansoek om afwyking op erf 894, Riebeek Kasteel ten einde af te wyk van die 30m boulyn van toepassing op landbousone I na 5m, ingevolge artikel 15(1)(b) van Ordonnansie 15 van 1985 afgekeur word siende dit deel vorm van die onderverderlingsaansoek.

C Dat die eienaar/aansoeker op hul reg tot appèl gewys word.

D Dat die eienaars van erf 503 van die besluit in kennis gestel word.

6.2 AANSOEK OM AFWYKING OP ERF 1702, RIEBEEK KASTEEL (15/3/4-11)

Aansoek word gedoen namens die eienaar J en F Daniels vir 'n afwyking op 'n gedeelte van erf 1702 geleë te Madeliefiestraat, Riebeek Kasteel ten einde 'n huiswinkel vanuit 'n gedeelte van die bestaande woonhuis te bedryf.

AANBEVELING
(op voorstel van rdl M Z Abrahams, gesekondeer deur rdl R F van der Westhuizen)

Dat die aansoek om tydelike afwyking op erf 1702, geleë te Madeliefiestraat, Riebeek Kasteel ten einde 'n huiswinkel (±25m²) vanuit die bestaande motorhuis te bedryf, ingevolge artikel 15(1)(b) van Ordonnansie 15 van 1985, afgekeur word weens die volgende redes:

- die voorgestelde aansoek is nie versoenbaar met die ruimtelike beplanning van Riebeek Kasteel nie gegewe die feit dat die voorgestelde huiswinkel nie langs 'n aktiwiteitstraat geleë is nie.

Dat die volgende aksies voortspruit uit die besluit:

(a) dat die onwettige bedryf van die huiswinkel gestaak word en dat die perseel dienooreenkomstig opgeruim word;

(b) dat die aansoeker op hul reg tot appèl per geregistreerde pos gewys word;

(c) dat indien die huiswinkel onwettig voortgaan sal 'n boete van R160,00 per dag gehef word na die datum van kennisgewing van hierdie raadsbesluit aan aansoeker tot en met die ongemagtigde grondgebruik gestaak is deur middel van 'n skriftelike bevestiging van die eienaar van erf 1702, Riebeek Kasteel.

6.3 AFWYKING: ERF 369, RIEBEEK KASTEEL (15/4/2-11)

'n Bouplanaansoek vanaf die De Oude Kerk Museum namens die eienaar Swartland Munisipaliteit op Erf 369, Riebeek Kasteel is ontvang. Toilette word voorgestel

Die Raad het reeds op 8 Desember 2010 goedkeuring verleen vir die oprigting van die toilette.

Aansoek word gedoen om afwyking op erf 369, Riebeek Kasteel ten einde af te wyk van die 10m syboulyne (noordelike en westelike grens) na 0m en ±6m onderskeidelik.

AANBEVELING
(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl A C Sedeman)

Dat die aansoek vir die afwykings op erf 369, Riebeek Kasteel ten einde af te wyk van die 10m syboulyne (noordelike en suidelike grense) na 0m en ±6m onderskeidelik, ingevolge artikel 15(1)(b) van Ordonnansie 15 van 1985, goedgekeur word onderhewig aan die volgende voorwaarde:

(a) dat die eienaar van erf 404 op hul reg tot appèl per geregistreerde pos gewys word.

6.4/...

6.4 VOORGESTELDE ONDERVERDELING, HERSONERING EN KONSOLIDASIE VAN RESTANT ERF 2281 EN ERWE 2125, 2293 EN 2294, YZERFONTEIN (15/3/3-14, 15/3/6-14)

Aansoek word gedoen namens die geregistreerde eienaars Winston & Johanna Jacoba Ollewagen vir die hersonering van erwe 2293 en 2294 geleë in Galjoensingel (Fisherman's Haven), Yzerfontein vanaf residensiële sone III na sakesone II.

Aansoek word ook gedoen namens die eienaar Home Bound Inv 2 (Pty) Ltd vir die hersonering van 'n gedeelte van erf 2281, geleë op die MR215, Yzerfontein vanaf oopruimte sone II na sakesone II.

Aansoek word ook gedoen vir die onderverdeling van erf 2281 geleë op die MR215, Yzerfontein in 'n restant.

Erwe 2293, 2294 en gedeelte A van erf 2281 (groot 240m²) word aangebied vir konsolidasie met erf 2125 om deel te vorm van die sake aktiwiteite op erf 2125 (Die Stal).

AANBEVELING
(op voorstel van rdl B W Geel, gesekondeer deur rdl R F van der Westhuizen)

A Dat die aansoek vir die hersonering van erwe 2293 (groot 425m²) en 2294 (groot 414m), Yzerfontein ingevolge Artikel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985 vanaf residensiële sone III na sakesone II, goedgekeur word;

B Dat die aansoek vir die hersonering van 'n gedeelte van erf 2281 (groot ±240m²), Yzerfontein ingevolge Artikel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985 vanaf oopruimte sone II na sakesone II, goedgekeur word;

C Dat die aansoek vir die onderverdeling van erf 2281 (groot 4127m²), Yzerfontein ingevolge Artikel 25(1) van Ordonnansie 15 van 1985 in 'n restant (±3887m²) en gedeelte A (±240m²), goedgekeur word onderhewig aan die volgende voorwaardes:

(a) dat erwe 2125, 2293, 2294 en gedeelte A van erf 2281 (groot ±240m²) konsolideer word;

(b) dat ten minste 15 op-perseel parkeerplekke voorsien word (bestaande geboue) met ‘n permanente stofvrye oppervlakte hetsy teer, beton of plaveisel of ‘n materiaal vooraf goedgekeur deur Swartland Munisipaliteit en dat die parkeerplekke duidelik gemerk word;

(c) dat op-perseel parkering vir toekomstige aanbouings voorsien word volgens die parameters van die sakesone II sonering van die soneringskema-regulasies van toepassing op Yzerfontein;

(d) dat die eienaar/ontwikkelaar, met die toestemming van die huiseienaars-vereniging van die Fisherman’s Haven ontwikkeling, ‘n “geen parkering” bord oprig op die restant van erf 2281 wat tans as informele parkering gebruik word;

(e) dat die nuwe grensmure van die konsolideerde erwe die argitektoniese styl van die Fisherman’s Haven ontwikkeling komplimenteer;

(f) dat die eienaar/ontwikkelaar hierdie munisipaliteit skriftelik in kennis stel wanneer daar aan al die voorwaardes voldoen is;

(g) dat die hersonering ingevolge artikel 16(2) van Ordonnansie 15 van 1985 vir ‘n tydperk van 2jaar geldig is;

(h) dat die onderverdeling ingevolge artikel 27(1) van Ordonnansie 15 van 1985 vir ‘n tydperk van 5 jaar geldig is;

D dat die beswaarmaker tot sy reg tot appèl gewys word per geregistreerde pos.

6.5 AANSOEK OM AFWYKING OP ERF 1426, RIEBEEK-WES (15/3/4-12/Erf_1426)

Aansoek word gedoen vir ’n afwyking op ’n gedeelte van erf 1426 (groot ±26m²), geleë te Merindalstraat, Riebeek-Wes ten einde ’n huiswinkel te bedryf. Die geregistreerde eienaar is Johanna Persens.

AANBEVELING
(op voorstel van rdl R F van der Westhuizen, gesekondeer deur rdl D B Philander)

Dat hierdie item na die Uitvoerende Burgemeesterskomitee verwys word vir besluitneming.

6.6 KONSTRUKSIE VAN 132kv OORHOOFSE ELEKTRIESE KRAGLYN (15/3/1)

Moyeng Energy is tans in die proses om ‘n aanbod by Eskom vir die Rheeboksfontein windplaas in te dien.

Ten einde ‘n 132kV kraglyn daarheen te bou word toegang oor hierdie munisipaliteit se grond in die noordekant van Darling, waar die nuwe begraafplaas geskep is, benodig.

Tans is daar ‘n 11kV lyn op die erfgrens en die nuwe kraglyn benodig ‘n reserwe van 31m.

Die betrokke serwituut sal oor die gedeelte van die begraafplaas geskep kan word, terwyl grafte steeds binne die gebied kan plaasvind.

Die voorsiening van alternatiewe elektriese hulpbronne is van nasionale belang en word gevolglik ondersteun.

AANBEVELING[1]
(op voorstel van rdl B J Stanley, gesekondeer deur Rdl A C Sedeman)

(a) Dat toestemming verleen word dat ‘n 31m kraglyn serwituut oor ‘n gedeelte van erwe 551 en 3790, Darling geskep word;

(b) Dat alle koste verbonde aan die skepping en registrasie van die serwituut vir die rekening van Eskom sal wees;

(c) Dat hierdie toestemming verder onderhewig sal wees dat Eskom en/of Moyeng Energy finansiële bydrae tot plaaslike ekonomiese ontwikkelingsprojekte soos met hierdie munisipaliteit ooreengekom en wat vervat moet word in hul sosiale- en arbeidsplan soos vereis deur die Departement Minerale Hulpbronne.

6.7 AANSOEK OM AFWYKING OP ERF 1611, CHATSWORTH (15/3/4-2/Erf_1611)

Aansoek word gedoen vir ’n afwyking op ’n gedeelte van erf 1611(groot ±8m²), geleë te Malmesburyweg, Chatsworth ingevolge Artikel 15(1)(a)(ii) van Ordonnansie 15 van 1985 ten einde ’n huiswinkel vanuit van die bestaande woonhuis te bedryf. Die geregistreerde eienaar is Mymoena Stemmet.

Erf 1611 is soneer residensiële sone I ingevolge die soneringskemaregulasies van toepassing op Chatsworth en is geleë in die nuwe lae-koste behuisingsarea van Chatsworth. Erf 1611 is bebou met ’n woonhuis waarvan ’n gedeelte daarvan reeds gebruik word as ‘n huiswinkel.

Die Raad het rakende afwykingsaansoek (grondgebruiksaansoek vir die bedryf van huiswinkels) op erwe 3883 en 3846, Darling in beginsel besluit dat geen huiswinkels in die nuwe Darling lae-koste behuisingsprojek, asook in toekomstige nuwe behuisingsprojekte toegelaat sal word nie.

[1] Par (b) gewysig, sien UBK-notule gedateer 14 Augustus 2013

6.7/...

AANBEVELING
(op voorstel van rdl B J Stanley, gesekondeer deur rdl J I van der Merwe)

Dat hierdie item na die Uitvoerende Burgemeesterskomitee verwys word vir besluitneming.

(GET) M VAN ZYL
VOORSITTER: BESKERMINGSDIENSTE

(GET) W WILSKUT
VOORSITTER: ONTWIKKELINGSDIENSTE